
# 156 Heer vir die offerdiens kom ons




Teken van al u wonderwerk
liefde ontbloot,
wat deur u woord gestalte word
van hemelbrood.

Bloed uit die suiwer wingerdstok
so wreed geskend,
heling aan al die lote skenk
in U geënt.

Met hierdie gawes offer ons
ons graag aan U,
dat wat ons dink en doen en sê
U mag hernu.

Gee dat ons wêreld, lewe, werk
in heerlikheid,
saam met u Seun verhef mag word
in ewigheid.

Onbekend R. R. Terry (1865-1938)